

Shabbat Shalom

Staan dit in die Skrif dat ons "Shabbat Shalom" moet sê?

Kom ons breek eers die woorde "Shabbat Shalom" oop om die betekenis daarvan te ontleed.

As ons na "Shabbat" in die Strong's verwysing nommer **H7673** שבת kyk wat shâbath (*shaw-bath*) is, moet ons die Hebreeuse taal ken en weet dat hulle klinkers invoeg om die Arameër se taal meer verstaanbaar te maak (of moeiliker as jy my vra). Die "a" is die klinker wat 'n toevoeging is en dus lyk die woord nou so: "shbth" waarvan die woord opgebreek kan word met in "sh" "b" "th" wat inderwaarheid net die 3 alefbet letters is van שבת wat klink soos SBT (Shin, Bet en Tav). Die "Shalom" loop dieselfde pad, maar is net twee lettergrepe. Ek los dit eers daar en gaan oor na die betekenis van die woorde.

Ek het hier bo aspris uitgewys dat die woorde opgebreek moet word om die betekenis daarvan te besef. Die eerste woord "Shabbat" breek ons nou oop. "Shab" "Bat" wat woord nommer H 7676 is wat Sabbath moet wees wat dus "Sab" "Bath" is in die King James Skrif. Nou die "Sab" beteken "ster" en die "Bath" beteken reiniging, skoonmaak, mediese versorging, behandeling en of dit is 'n kondisie waar die hele liggaam benat of bedek word met water.

Aan die ander kant as ons na die antieke Hebreeuse mate kyk beteken "Bath/ Bat" 'n volume van 8 ½ galon of 32.17 liter.

Volgens die vertalers beteken "Sabbat" om te rus of te stop, maar as jy die woord opbreek soos hier bo beteken dit om gereinig en skoon te word. Dit moet gesien word dat gesondwording op daardie dag plaasvind. YAHUSHA het al Sy mense genees op Sabbatdae. Die Jode doen die teenoorgestelde waarvan ons Koning weer gewerk het op die Sabbat. YAHUSHA wat die Ster ("Sab") of "Sha" is wat Losser beteken, het gekom en Sy uitverkore geleer en genees op "Bath" (Matt.5; Joh.5; 7; 9).

Die volgende woord "Shalom" is die woord wat die Jode vrylik koppel met "Sabbat". Die woord kan ook opgebreek word soos: "Sha" en "Lom" Sha beteken om te los / verlos. Lom beteken vrede. Dus is YAHUSHA, ons Losser, ons "vrede".

Duidelik kan ons nou sien dat die twee woorde nie bymekaarhoort hoort nie en dat Sabbath / Shabbat Shalom nie in die skrif is waar die een die ander groet nie. Hier is 'n paar verse waar vrede toegewens word tot sy naaste: *Open. 1:4 Johannes aan die sewe gemeentes in Asië: Genade Guns vir julle en vrede van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste wat voor sy troon is,*

Jud. 1:2 Mag barmhartigheid en vrede en liefde vir julle vermenigvuldig word! 2Jo 1:3 ~~genade~~ guns, barmhartigheid, vrede sal met julle wees van ~~God~~ SKEPPER die VADER en van die ~~Here~~ Jesus Christus, Meester YAHUSHA die Gesalfde die Seun van die VADER, in waarheid en liefde. 2Pe 1:2 Mag ~~genade~~ guns en vrede vir julle vermeerder word deur die kennis van ~~God~~ SKEPPER en ~~Jesus~~ YAHUSHA, onse ~~Here~~ Meester! 1Pe 1:2 uitverkore volgens die voorkennis van ~~God~~ SKEPPER die VADER, in die ~~heilig~~ rein making van die Gees, tot gehoorsaamheid en besprenkeling met die bloed van ~~Jesus Christus~~ YAHUSHA Ge3salfde: Mag ~~genade~~ guns en vrede vir julle vermenigvuldig word! Luk. 2:14 Eer aan ~~God~~ SKEPPER in die hoogste hemele en vrede op aarde, in die mense 'n welbehael!

Oor 'vrede' het ons Koning soos volg gesê in: *Mat 10:34 Moenie dink dat Ek gekom het om vrede op die aarde te bring nie. Ek het nie gekom om vrede te bring nie, maar die swaard. Dus om vrede uit te deel soos die Jood in Shabbat Shalom bestaan nie, want hulle verwar die uitverkore daarmee. Hulle sê dat 'n Sabbatdag vrede en rus beteken en tog in Gen.2:2 sê YHUH dat daardie "rus" is slegs vir Sy uitverkore. As ons Ps. 95:11 lees dan kom die groot besef deur wat Sabbat werklik beteken nl.: ... sodat Ek in my toorn gesweer het: Waarlik, hulle sal in my rus nie ingaan nie!*

Mense die Sabbat is "n genesing tyds vlak waar die uitverkore reeds reiniging ontvang het by YAHUSHA. Dit is daar waar die skoonmaak moet plaasvind. Ons moet ons mense versorg en behandel op Sabbatdae sodat ons die voorreg bo alle voorregte het om in die 1000 jaar van vrede in te mag gaan. In die 1000 jaar sal ons as rein en skoon liggame benat en bedek word met rein water wat VADER deur SY Seun aan ons sal skenk tot die ewige lewe(*geboorte van bo en die ontvangs van SY Reine Gees*).

Ek sluit met indien ons, ons mede broer wil groet kan ons sê wat in 2 Joh.1:3 staan nl.:

Mag guns, barmhartigheid en vrede met julle wees van dié VADER en van die Meester YAHUSHA dié Gesalfde "dié Seun van die VADER" in waarheid en liefde.

Of net kortom:

Vrede van VADER en Meester YAHUSHA.

Bedink dit my vriend!